

## Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Oktober 2015 – aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!  
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?  
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,  
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 145:2, 3, 12 (p. 696)

- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

Skrifberyming 2-1:5, 6, 7 (19:5, 6, 7)

- 5 “Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;  
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees.”
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / “Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;  
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 “Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,  
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind.”

**Skriflesing:** Matteus 20:1-16; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 18

**Kernvers:** Matteus 20:15

**Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of  
is jou oog verkeerd, omdat ek goed is? (Matteus 20:15 AFR53)**

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 1, Artikel 18**

*Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid  
van die regverdige verwerping in opstand is, stel ons die woorde van die apostel: O mens,  
wie is jy wat teen God praat? (Rom 9:23), en ook die woorde van ons Verlosser: Staan dit  
my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? (Matt 20:15).*

*Maar ons wat hierdie verborgenhede godvresend eerbiedig, roep saam met die apostel  
uit: O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy  
oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie  
was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet*

*word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen (Rom 11:33-36).*

**Tema:** Genade behoort aan die Here alleen en Hy gee dit aan wie Hy wil

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanaand kom ons aan die einde van die eerste hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls. In artikel 16 en 17 het ons al gewoon geraak aan die herderlike manier waarop die Here vanuit sy Woord aan gelowiges troos skenk – troos aan gelowiges oor hulle eie uitverkiesing en ook troos aan gelowiges oor die saligheid van hulle kinders wat op 'n vroeë ouderdom sterf.

Wanneer ons met artikel 18 begin, praat ons van mense wat in opstand is oor die genade van God se onverdiende uitverkiesing van mense. En as 'n mens die woord *opstand* hoor, verwag 'n mens dat hier op 'n kort en kragtige manier vir die mens wat opstandig raak, gesê moet word: Jy is verkeerd. Jy moet eenvoudig jou nek onder die gesag van die Here buig. Maar dit is nie wat ons in hierdie artikel doen nie. Ons gaan steeds met 'n pastorale gesindheid voort in ons belydenis.

As ons mooi oplet, sal ons agterkom dit is nie net mense wat teen die leer van die uitverkiesing is wat opstandig raak oor die genade van God nie. Daar is ook gelowiges wat opstandig kan raak oor die Here se genade. Dit is nie net mense wat nie uitverkies is wat die Here van onregverdigheid beskuldig oor die uitverkiesing nie. Daar is ook mense wat uitverkies is wat die Here van onregverdigheid kan beskuldig. Dit gebeur omdat ons mense nie die maatstaf waarmee God meet, kan verstaan nie. Dit is eers wanneer ons begrip kry vir God se manier van werk dat ons by die regte punt uitkom waar die leer van die uitverkiesing 'n mens moet bring, naamlik by nederigheid voor die Here en dank en lof aan Hom vir sy genade.

Dit is immers wat Jesus aan sy twaalf dissipels ook met hierdie gelykenis geleer het. As jy jou Bybel oop het by die Skrifgedeelte waaruit ons gelees het, vra ek jou om saam met te kyk. Let op dat Matteus 19:30 en 20:16 amper dieselfde woorde het – **So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste**. Hierdie herhaling lei 'n mens om eers na die gedeelte te gaan kyk wat direk voor ons gelykenis geskryf staan.

Dit is die bekende verhaal van die ryk jongman wat by Jesus wou weet wat hy moet doen om gered te word, want van jongs af onderhou hy al die wet van die Here. Toe Jesus vir hom sê dat hy al sy goed moet gaan verkoop en die geld aan die armes gee en dan kom en Jesus volg, het hy baie bedroef van Jesus af weggegaan. En toe Jesus nog boonop sê dat dit vir 'n ryk man baie moeilik is om in die koninkryk van die hemel te kom, is dit Petrus wat dadelik vir Jesus vra:

**Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?**  
(Matteus 19:27 AFR53).

Daarop vertel Jesus die gelykenis. Die koninkryk van God kan vergelyk word met die eienaar van 'n wingerd. Vroeg die oggend aan die begin van die werksdag – dit is omtrent sesuur die oggend – het hierdie eienaar mense gehuur om in sy wingerd te werk. Nadat hy met hulle ooreengekom het om hulle 'n penning op 'n dag te betaal vir die werk, het hulle in die wingerd gaan werk. 'n Penning was die bedrag geld wat normaalweg aan 'n dagloner betaal is in daardie tyd.

Aangesien daar baie werk gedoen moes word in die wingerd, het die eienaar teen negeuur weer na die mark gegaan en nog mense gehuur om in sy wingerd te werk. Aan hulle het

hy nie gesê hoeveel hy hulle vir die werk sal betaal nie. Hy het net gesê: **wat reg is, sal ek aan julle gee**. En hulle het gegaan en ook in die wingerd gewerk.

Omdat die werk nog te veel was vir die arbeiders wat reeds in die wingerd besig was, het die eienaar teen twaalfuur en teen drieuur die middag nog mense in diens geneem om in die wingerd te werk. Toe dit vyfuur die middag is, kry die eienaar nog mense wat ledig rondstaan omdat niemand hulle gehuur het nie. Vir hulle het hy ook na sy wingerd gestuur om die laaste uur te werk met die belofte: **wat reg is, sal julle ontvang**.

Uit die gelykenis is dit duidelik dat God die Vader die eienaar van die wingerd is. Hy kies en roep mense om in sy koninkryk te werk. Die mense wat Hy gekies het om in sy koninkryk te werk, het Hy gekies omdat Hy Homself wil verheerlik. En wanneer Hy hulle ook al roep, doen Hy wanneer Hy wil. Net soos wat hierdie eienaar van die wingerd gedoen het.

Niemand kom na die Here toe en sê vir Hom dat hy in Jesus wil glo nie. Die mense wat God voor die skepping van die wêreld gekies het, hulle roep Hy met sy Woord tot geloof in Jesus Christus. Die Heilige Gees skenk aan hierdie mense die geloof en uit dankbaarheid vir die Here se genade onderwerp hulle hulleself aan die Here. Tot eer van die Here werk hulle in die koninkryk.

Toe die werkdag in die gelykenis verby is, het die tyd aangebreek om die werkers te betaal. Maar die eienaar van die wingerd gee aan die voorman 'n duidelike opdrag. Wanneer hy aan die werkers hulle betaling gee, moet hy by dié begin wat net die laaste uur in die wingerd gewerk het en eindig by dié wat die volle twaalf uur gewerk het.

Toe die wat net die laaste uur gewerk het hulle betaling ontvang, het elkeen van hulle 'n penning ontvang – 'n hele dagloon. Dit was 'n uitsonderlik vrygewige gesindheid wat die eienaar van die wingerd hier openbaar. Hy het nie nodig gehad om aan hulle 'n volle dag se loon te gee nie, want hulle het nie 'n volle dag gewerk nie. Maar hy wys met hierdie betaling dat hy 'n besonderse vrygewige mens is.

Die werkers wat die hele dag gewerk het, het gesien hoeveel hierdie laaste werkers betaal word. Hulle het dadelik die afleiding gemaak dat hulle meer sal ontvang, aangesien hulle die hele dag gewerk het. Dit sal mos net regverdig wees. Dit is mos hoe ons mense normaalweg ons somme maak. Die een wat die meeste werk doen, word die meeste betaal.

Maar tot die verbasing van die twaalf dissipels wat Jesus aanhoor, word die eerste werkers ook net 'n dag se loon betaal – een penning elk. Hulle het presies net soveel gekry as die wat maar net een uur in die wingerd gewerk het. En toe hulle die betaling ontvang, het hulle daar en dan by die eienaar gemurmureer. Dit wat hulle ontvang het nadat hulle die hele dag in die hitte van die son gewerk het, kom nie met hulle somme ooreen nie. Toe hulle in die warm son geswoeg het in die wingerd, het hierdie laaste werkers nog in die koelte rondgestaan. En nou ontvang hulle ook 'n volle dag se loon. Dit kan mos nie regverdig wees nie.

Let op wat hierdie eerste werkers doen. Alhoewel die eienaar aan hulle werk gegee het in sy wingerd kla hulle by hom. Maar hulle kla nie net nie. In hulle woorde hoor ons dat hulle ook regter speel oor die optrede van die eienaar. Hy behandel die werkers wat maar net een uur gewerk het dieselfde as wat hy hulle wat die hele dag gewerk het, behandel. En as 'n mens in gedagte hou dat God die Vader in hierdie gelykenis deur die eienaar van die wingerd afgebeeld word, besef 'n mens maar net dat dit presies is wat mense ook doen.

Wanneer hulle mumureer en in opstand kom oor die Here se genade in die uitverkiesing, kla hulle nie net by die Here nie. Hulle wil selfs regter speel oor die Here se manier van werk. Dit is soos die klei wat die pottemaker tot verantwoording wil roep oor hoe hy met die klei werk.

Geliefdes, ons mense is eenvoudig nie in die posisie om vir die Here te vra waarom Hy met die een mens so maak en met 'n ander mens anders nie. So 'n optrede van die mens kan nie enige seën van die Here verwag nie. So 'n optrede is vermetel, want die mens wil homself as regter oor die Here se werk aanstel. Omdat Job ook nie kon verstaan waarom die Here al die ellende oor sy lewe beskik het nie en omdat sy drie vriende hom met hulle beskuldigings van sonde geteister het, het Job naderhand begin om die Here te verwyt. Nadat die Here vir Job begin uitvra het, het Job tot die besef gekom dat hy uit sy beurt gepraat het. Hy het gepraat oor dinge waarvan hy niks weet nie. En in nederigheid het hy in stilswye voor die Here bly staan.

Nederigheid is die gesindheid wat in iemand se hart moet heers omdat hy erken dat God die Regeerder van sy skepping is. In nederigheid onderwerp jy jouself dan aan die Here en dien Hom in geloof. Nederigheid was kenmerkend by ons Verlosser, Jesus Christus. Hy wat die Seun van God is en self ook God het Hom nooit een keer teen sy Vader verhef of Hom verwyt oor wat met Hom gebeur nie. En ons weet dat Jesus sy ganse lewe op aarde gely het oor die sonde en Hy niks daarvan verdien het nie.

Wie egter deur die ware geloof in Christus ingelyf is, word deur die Heilige Gees geleer om ook so nederig te wees soos Christus. Hoe meer die Heilige Gees die nuwe lewe in die gelowige ontplooi, hoe meer word die gehoorsaamheid van Jesus ook die gehoorsaamheid van die gelowige.

Die voorbok van die eerste werkers is toe deur die eienaar van die wingerd daar voor almal berispe. Eerstens wys die eienaar hom daarop dat hy nie onregverdig teenoor hom of enige van die eerste werkers opgetree het nie. Hy het met hulle ooreengekom om aan hulle 'n penning vir die dag se werk in die wingerd te betaal. En hy het hulle 'n penning elk betaal soos hy gesê het hy sal doen. Die eienaar van die wingerd was dus geensins onregverdig teenoor hierdie werkers wat die hele dag gewerk het nie.

Die eienaar kon die gesprek daar gelos het. Die man en sy maats het mos hulle betaling gekry. Maar hierdie eerste werkers was nie net uit hulle plek om regter te wou speel oor die eienaar nie. Daar was nog iets anders wat by hulle verkeerd was. Dit ontbloot die eienaar met die vraag: **Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?** Die antwoord op hierdie vraag is voor die hand liggend. Die eienaar kan met sy goed maak wat hy wil. Die werkers het geen reg om aan hom te wil voorskryf oor wat hy met sy goed mag doen of nie mag doen nie.

En met die volgende vraag: **Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?** sny die eienaar deur tot by die oorsaak van hulle verkeerde gesindheid. Hierdie eerste werkers is jaloers en afgunstig daarop dat die eienaar aan die laaste werkers net soveel guns gee as wat hy aan hulle gegee het. Hulle hou nie daarvan dat die eienaar so vrygewig is teenoor die werkers wat maar net 'n uur lank gewerk het nie.

Daarom sê Jesus dat die wat laaste is eerste sal wees en die eerstes laaste. Deur die genade van die eienaar is die laaste werkers opgehef tot die gelyke plek as die eerstes. Maar die eerste werkers het hulleself deur hulle trots en hoogmoed verhef bo die laaste

werkers, daarom is hulle deur die eienaar berispe. Hulle is met die vermaning van hulle eerste plek na die laaste plek verneder.

Die punt wat Jesus by ons tuisbring is dit: Genade is skokkend onverwags. Vir ons sondige geardheid is God se genade iets waaraan ons moeilik sluk omdat dit vir ons so onregverdig lyk. Maar wat is genade anders as dat sondaars net mooi die teenoorgestelde ontvang van wat hulle eintlik verdien? In die gelykenis het die eerste werkers ook genade ontvang. Niemand van hulle het verdien om in die wingerd te werk nie. Die eienaar was genadig genoeg om hulle te huur. Hy kon ander gehuur het, maar hy het nie. Uit genade het die eienaar hulle ook 'n loon gegee soos wat hy gesê het hy sal doen. Omdat hy die laaste werkers ook gehuur het, het hy besluit om aan hulle net soveel genade te gee as aan die eerstes. Die eienaar het nooit vir een van die werkers gesê hoeveel werk hulle moet doen nie. Maar hy was tevrede met elkeen se werk en het hulle daarvoor vergoed.

Wanneer die Here mense tot geloof in Jesus Christus roep, doen Hy dit wanneer Hy wil. Hy het self die keuse gemaak oor wie Hy tot geloof in Jesus Christus gaan roep. En wanneer die Heilige Gees aan daardie mense dan die geloof gee om te weet en te vertrou dat Christus ook hulle skuld ten volle aan die kruis betaal het, kry hulle almal dieselfde werk in God se koninkryk. Almal wat verlos is deur Jesus Christus moet aan God al die eer en die lof toebring oor wie Hy is en wat Hy aan hulle gedoen het. Almal wat deur Jesus Christus verlos is, moet met hulle hele lewe die Here oor sy goedheid en genade verheerlik. Niemand is deur Jesus Christus verlos omdat hy dit verdien nie. Dit is alleen die genade van God wat dit veroorsaak. Daarom is die enigste en beste reaksie van elke gelowige die loflied van Paulus in Romeine 11:

**o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!  
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!  
Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?  
Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?  
Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.  
Syne is die heerlikheid tot in ewigheid (Romeine 11:33-36 AFR53).**

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 2-5:1, 2, 3 (35:1, 2, 3)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!  
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge omvat!  
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.  
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
- 2 Het ooit 'n mens of hemeling / in Gods gedagtes deurgedring?  
Of wie is daar so groot van gees, / dat Hy sý raadsman ooit kan wees?  
Wie 't eers aan God so 'n guns bewys / dat hy van Hom vergelding eis?  
Wat is by God, so onvolprese, / die mens dan in sy waarde en wese?
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;  
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,  
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,  
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 Oktober 2015